

ds. PJ Kriel

Pinkstersondag

09.06.2019

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen dit wat die apostel Johannes noem die Gees van God en die gees van die antichris. (1 Joh.4: 1 -3) Die Heilige Gees is die Gees van Christus wat ons insluit en laat deel in alles wat Christus volbring het. Hy laat ons in niks anders deel as die heil in Christus en bewerk niks self wat Christus volbring het nie. Die gees van die antichris maak van alles wat Christus volbring het, net die helfte van die Gees se werk. Die volle geestelikheid wat hulle alternatiewe gees bring, wat Jesus nie volbring het nie, is om mense te laat deel in die krag, mag en lewe van God. Só maak hulle van die Heilige Gees 'n tweede en voller geestelike geestelikheid as om in Christus ingesluit te word. Die gees van die Pinkster en Charismatiese geestelikheid is dit wat die apostel noem die gees van die antichris. Die Heilige Gees sluit ons in die liefde van die Vader en Seun vir ons in, nie in hul goddelike lewe, krag en mag nie. Dit is die gees van afgodsdienste, van die antichris wat Christus net die helfte van die heil maak.

Skriflesing Johannes 19: 28 – 30; 20: 19 – 22; 14: 15 – 20; 16: 5 – 15.

Teks Johannes 16: 14 “Hy sal My verheerlike want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

Tema Die Heilige Gees is die Vader en Seun se Gees wie Christus verheerlik nie ons gees wie ons verheerlik nie

1. Wie se Gees is die Heilige Gees en wie verheerlik Hy?

Is dit Christus se Gees wie Hom verheerlik of is dit ons gees wat ons verheerlik? Die ontdekking wat hierdie vraag ontsluit, wys die verskil tussen dit wat Johannes in sy eerste brief in hoofstuk 4 verse 1 tot 3 uitwys: die ontdekking van die verskil tussen wie die Gees van God is en wat die gees van die antichris is.

Dit is by hierdie openbaring wat ons vanoggend met Pinkstersondag wil stilstaan: Die Heilige Gees is Christus se Gees wie Christus verheerlik, nie ons gees wie ons verheerlik nie.

2. Die kinders!

Die hele preek gaan vanoggend oor die verskil tussen dit wat ons noem “gees vang” of “gees kry”, en om in liefde te leef.

By party skole werk dit nog só! Wanneer hulle eerstespanne die Saterdagoggend in die finaal van die liga speel, dan besluit die kinders hulle gaan Vrydagaand “gees vang en gees kry.”

Wat maak hulle om “gees te vang” en “gees te kry”? Hulle dans saam, sing saam, kuier en lag saam en is saam vrolik. Dit is die manier waarop hulle “gees vang” en “gees kry.”

Wat is hierdie ding wat hulle noem “gees van” of “gees kry”? Dit is om saam een gemeenskaplike doel, gemeenskaplike droom en een gemeenskaplike groepsidentiteit te kry. Wie gees gekry het, is nie meer homself nie, hy of sy is nou een groep wat saam optree met die krag van groepsidentiteit, die groepswil, die groepsdoel en groepsdroom. Hierdie nuwe groepsidentiteit is die krag wat hulle mee gaan speel en sing die volgende dag.

Dieselfde gebeur elke dag oor ons hele land, en ons sien dit amper elke aand op die televisie. Mense toi-toi orals rond! Wat is hierdie ding wat hulle toi-toi noem? Dit is saamdans in die straat en jou bene so in die lug op skop met jou knieë teen jou bors; saam sing, saam lag en kuier om een in droom, wil en krag te word en dan, met hierdie nuwe gesamentlike krag, lewe en wil, alles te gaan breek, te plunder, te moor en te besteel.

Gees kry beteken om deel van die gesamentlike identiteit en lewe te word, en deur hierdie krag op te tree, nie net in jou eie persoon en krag nie.

Wanneer laas het jy saam met jou pa, ma, boeties en sussies gees gekry en gees gevang? Wat sal jy dink wanneer jou pa by die huis kom en sê die hele gesin moet saam dans, saam sing, saam hande klap en saam kuier sodat die gesin bietjie kan gees kry? Julle sal dink hy het nou sommer skoon simpel geword. Die gees van ouers in 'n huisgesin is iets heeltemal anders as om saam met die ouers gees te kry. Ouers gee liefde en laat kinders in hul liefde leef. Dit is ouers se gees vir hul kinders. Hierdie liefde gee kinders ook nie 'n groepsidentiteit waarin hulle hul self moet verloor nie. Dit gee elke kind sy eie identiteit en rig hul diensbaar op hul eie toekoms.

Groepsgees en die gees van ouerliefde is en werk heeltemal verskillend.

3. Die twee belangrike sinne wat ons in Johannes 19 en 20 moet saam raaksien en saam moet lees, is:

- 19:30 Jesus wat net voor Hy aan die kruis sterf, sê: “Dit is volbring” en
- 20:22 Jesus wat aan sy dissipels verskyn en sê: “Ontvang die Heilige Gees.”

Die verklaring dat alles volbring is maak die Here op Paasvrydagmiddag en die verklaring dat die dissipels die Heilige Gees ontvang, maak die Here op Paassondagaand.

Ons kry die beskrywing van Christus wat aan sy dissipels die gawe van die Heilige Gees gee in drie Evangelies. In Matteus 28:20 gee Christus en ontvang die dissipels die gawe van die Gees met Christus se verklaring: “Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” In Lukas 24: 44 gee die Here aan hulle die Heilige Gees met die verklaring: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die Psalms en in die profete oor My geskrywe is.” Hierdeur ontvang hulle die Heilige Gees só: “Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.” (Luk 24: 45)

Johannes se beskrywing van Christus wat die gawe van die Heilige Gees aan sy dissipels gee, klink só: “Vrede vir julle!” sê die Here vir hulle. Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees.”

Hierdie verklaring van die Here: “Ontvang die Heilige Gees”, is die vervulling van die belofte van die Here in Johannes 14 vers 16 en 16: 13 dat die Here aan sy dissipels die Gees van die waarheid sal gee om hulle in die volle waarheid te lei.

Ons moet altyd wanneer ons die Johannes Evangelie lees hierdie twee uitsprake van die Here bymekaar sit: “Dit is volbring” en “Ontvang die Heilige Gees.”

4. Wat beteken die verklaring van die Here: “Dit is volbring!”?

Dit beteken die Here het alles gedoen en alles bewerk om alles vir ons te gee! Volbring beteken Christus het die volle liefde van God die Vader vir sy kinders bewerk.

Volbring beteken Christus het alles gedoen om ons deel van die liefde van God die Vader en God die Seun te laat wees: Jesus het as Seun van God mens geword, het onder Pontius Pilatus gely, is gekruisig, het gesterf en was Godverlate.

Volbring beteken dat Christus daardeur alle oordeel van God en straf van God vir ons wegvat sodat ons in God se liefde kan leef.

Volbring beteken niks meer moet gedoen word, niks meer moet bewerk word en niks meer moet verkry word nie. Alles is volbring.

5. Wat beteken die verklaring “Ontvang die Heilige Gees!”

Dit het Christus vir sy dissipels verduidelik in Joh.16:14: Hy verheerlik Christus want alles wat Christus volbring het, ontvang die Heilige Gees van Christus en verkondig dit aan ons.

Verkondig beteken nie sommer om 'n voordrag of 'n lessie vir mense te gee nie. Die woord “verkondig” hier se betekenis word direk na die Here se verklaring oor “Ontvang die Heilige Gees” so aangekondig: “As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.” (Joh.20: 23)

Deur die verkondiging van Christus en alles wat Hy volbring het, gaan die Heilige Gees self mense insluit en laat deel in alles wat Christus volbring het. Hy sluit ons in en laat ons deel in alles wat Christus gedoen het en in die Vader se volle liefde. Só bly die Heilige Gees in ons en só verheerlik Hy Christus.

6. Die verheerliking van Christus stel die Here self só: “Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.” (Joh. 14: 20)

Dit is die dag waarin die Here die Heilige Gees aan hulle gee, in hoofstuk 20, om hulle in te sluit en te laat deel in alles wat Christus volbring het. Want die Gees ontvang net alles wat Christus volbring en sluit ons daarby in.

Dit is ook hoe die Heilige Gees Christus verheerlik. Hy lei ons in die volle waarheid van wat Christus volbring het. Die Heilige Gees sê niks anders as wat Hy van Christus hoor nie. Niks wat die Heilige Gees ons in lei en vir ons sê, kom van Homself nie. Alles wat Hy sê gaan net oor wat Christus volbring het. (Joh.16:13)

Wat hoor die Heilige Gees by Christus wat Christus volbring het?

Hy hoor dat Christus wat self God is, het mens geword om vir altyd mens te wees. (Joh.1:14) Hy hoor dat Christus het in sy lyding onder Pontius Pilatus die volle oordeel van sondaars se sonde gedra en dat hulle nooit weer geoordeel sal word nie. (Joh.5: 24) Hy hoor dat Christus aan die kruis die vloek van God gedra het in ons plek; dat Hy ons straf gedra het in sy dood.

Die Heilige Gees lei ons in die hele waarheid (Joh. 16:13) van alles wat Christus volbring het. Só deel ons in alles wat Christus volbring het en regeer die Here ons deur alles wat Hy volbring het.

Die Heilige Gees het nie sy eie waarhede, geheimenisse of kennis waarin Hy ons lei nie of ander waarhede as die waarheid van wat Christus volbring het nie. Hy het niks anders of eie waarin Hy ons insluit en laat deel as net dit wat Hy ontvang nie: dit wat Christus gedoen het en volbring het vir ons nie.

7. Die kinders! Moet die kinders van God gees kry of gees vang?

Moet ons vanoggend hier saam dans, saam hande klap, saam op en af spring en ons hande in die lug steek, God saam loof en prys en eer om een met God se Gees te word en die krag van God te kry?

Nee! Ons moet en mag dit nooit as kinders van God doen nie. Christus gee ons die Heilige Gees net soos ouers liefde in hul huise vir hul kinders gee. Christus gee ons die Heilige Gees wat ons insluit in alles wat Hy volbring het, in al die werk wat Hy gedoen het en in die volle liefde van God die Vader, net soos ouers julle in hulle liefde insluit deur alles wat hulle vir julle doen. Ons kry nie gees of vang gees nie. Christus gee ons die Heilige Gees om ons in te sluit en te laat deel in sy werk en die Vader se liefde.

Ons wie leef in alles wat Christus volbring het, in alles wat Hy met sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en ter helle neerdaling bewerk het, in die volle liefde van God die Vader wie ons nooit weer oordeel, straf of verwerp nie, ons het die Heilige Gees ontvang wie die Here vir sy kerk gegee het. Ons wie glo in Jesus Christus en in alles wat Hy volbring het vir ons, ons word deur die Heilige Gees in die hele waarheid van wat Jesus volbring het, gelei.

7. Wie is die gees van die antichris?

Ons het uit 1 Johannes 4: 1 – 3 gesien dat die gees van die antichris is die gees wie mense nie meer laat glo dat Jesus die Woord is wat mens geword het nie. (Joh.1:14) Hierdie is die gees wie Jesus iemand anders maak as die Here wat alles volbring het. Die gees van die antichris is die gees van afgodsdienste wie Jesus net die helfte van die waarheid maak. Dit is die gees wie iets anders hoor en sê as wat Christus volbring het, en die gees wie jou insluit in wat meer en ander is, as wat Jesus Christus volbring het met sy geboorte, lyding, kruisiging en sterwe.

Ons eie NG Kerk en feitlik alle Christelike Kerke is vandag deurtrek met die gees van die antichris. Dit sien ons gebeur vandag wêreldwyd in hoe Pinkstersondag gevier word.

Deur die gees van die antichris word Paasfees gevier as net die helfte van die geestelikheid wat die Here sou bewerk het, terwyl met Pinksterfees die volle geestelikheid wat ons nie op Paasfees sou ontvang het nie, deur die gees bewerk en ontvang word. Hierdie nuwe voller werklikheid as dit wat Jesus met Paasfees sou bewerk het, word wêreldwyd die “volle Pinksterseën” genoem. Met hierdie bewoording word uitgewys dat Jesus net ’n halwe Paasseën gebring het maar hierdie gees bring die volle Pinksterseën.

Die Heilige Gees is die Vader en Seun se Gees wie Christus verheerlik nie ons gees wie ons verheerlik nie

Die gees van die antichris is altyd die gees wie Jesus net die helfte van mense geestelikheid maak om die volheid van hul geestelikheid in 'n ander gees te kry. (1 Joh. 4: 1 -3)

Wat is die volle “Pinksterseën” wat die gees van die antichris vir die kerk van die Here bring?

Dit is die krag van God, die mag van God, die lewe van God, die wysheid van God, die raadsplan van God, die Naam van God en die wil van God waarin jy jouself inleef sodat dit jou eie krag, mag, lewe, wysheid, raadsplan, Naam en wil is.

Dit is die krag en lewe van God wat jy van deel word wanneer jy en God een kollektiewe persoon word, wanneer jy en God een groepsgees kry deur jou geesvangery met lofsange, aanbidding, saam dans en handeklap.

Binne hierdie gees is Jesus net die halwe waarheid van die gees, want dit is die gees van die antichris waarin jy nooit deel word en ingesluit word by die Here wie alles volbring het nie.

8. Hierdie uitleg wat ek vir u hier gee is nie somer net 'n moedswillige veroordeling van die gees in die kerk nie. Ons kan mos as gelowiges die gees van God onderskei van die gees van die antichris! (1 Joh.4: 1 – 3) Kom ons doen dit vanoggend!

Die eerste onderskeid tussen die Gees van God en die gees van die antichris is om te kan onderskei wie word verheerlik deur die Gees. Wie verheerlik hierdie gees wat vandag in die kerk voorgeleef word as die volle Pinkstergees? Jy kan deel word van God se krag, mag, lewe, wysheid, raadsplan en wil wanneer jy en God een word met jou geesvangery deur jou eie geestelike bedrywe!

Hierdie is die gees wat ons verheerlik. Hierdie gees maak ons deel van die goddelikheid van God. Dit is die gees van mense wie hulle self nie meer as menslik nie maar as goddelik sien, en dit hul spiritualiteit noem. Hierdie is die gees van mense wie hulle self as bemagtigde geestelike leiers sien wat ander mense in God se liefde en teenwoordigheid laat deel omdat hulle God se goddelikheid by mense verteenwoordig.

Die gees van die sogenaamde volle Pinksterseën, is die gees van die antichris wie mense verheerlik en wie nie meer Christus verheerlik wie alles met sy lyding en opstanding as mens volbring het nie.

Die Heilige Gees wie Christus en die Vader vir ons stuur, verheerlik Christus. Dit is die Gees wie Thomas ontvang wanneer Hy die verhoogde Christus sien en hom Christus laat aanroep as: “My Here en God.” (Joh. 20:28)

9. Wie se gees is hierdie gees wat jou deel maak van wie God is?

Dit is die tweede manier waarop ons die Gees van God kan onderskei van die gees van die antichris. Die Heilige Gees is en bly altyd Christus en die Vader se Gees. Die Heilige Gees word nooit "ons gees" nie. Die Heilige Gees is die Gees van die Vader en die Seun wie die Gees vir ons stuur. (Joh.14:16) Om die Gees vir ons te stuur beteken dat dit is hoe die Vader en Seun self as God met ons teenwoordig is, deur die Heilige Gees. Dit beteken nooit dat die Vader en Seun weg, ver en afwesig is, en die Heilige Gees stuur om hul plek in te neem by ons omdat Hulle nie by ons is nie. Stuur beteken gee om in te sluit en te laat deel in wat die Seun vir ons bewerk het om in die liefde van die teenwoordige Vader te wees. Daarom stel die Here dat die Gees wie Hy en die Vader vir ons gee om by en in ons te wees (Joh.14:17) sal ons laat weet dat Christus in die Vader is, ons in Christus is en Christus in ons is.

Die Heilige Gees is bly altyd die Gees van die Vader en die Seun.

Die gees van die antichris is die gees wat God se Gees ons eie gees maak. Dit is waar mense hulle gees met die Gees van God identifiseer as een. Wie sy gees met God se Gees as een identifiseer, het God se Gees sy eie gees gemaak. Dit is hierdie gees wie jou laat deel in die goddelikheid van God en wie Christus en die Vader se Gees afwesig en ver maak vir die teenwoordige intieme ervaring van God se gees as jou eie gees. Die gees van die antichris verdring die Gees van die Vader en die Seun in mense se lewe.

10. 'n Derde manier waarop ons die Gees van die Here onderskei van die gees van die antichris, is die manier waarop ons die Gees ontvang.

Die Heilige Gees is die Gees wat ons as gawe ontvang van Christus wie alles volbring het sodat ons kan deel in wie Hy is en kan glo in wie Hy is. Die wyse waarop ons die Heilige Gees ontvang is deur te glo in Christus en alles wat Hy vir ons volbring het. Wie in Christus glo, het die lewe met Christus wat die Gees ons in laat deel. (Joh. 20: 31)

Die gees van die antichris kry jy nie deur geloof in Christus nie. Jy kry en vang die gees van die antichris deur saam te bid, te loof, te prys, te dans, te sing, hande te klap en arms in die lug op te gooi. Want hierdie kry jy en God een gees. In hierdie nuwe groepsgees met God deel jy in God se krag en lewe en tree jy op asof jy deel is van God se krag en lewe.

11. Kom ons verwerp die gees van die antichris in ons kerk!

Die Heilige Gees is die Vader en Seun se Gees wie Christus verheerlik nie ons gees wie ons verheerlik nie

Daar is nie iets soos 'n tweede ervaring met God anders as ons insluiting en deel wees van Jesus Christus wie alles vir ons volbring het nie. Daar is nie 'n gees van Paasfees en 'n gees van Pinkster nie.

Dit sien ons in die Johannes evangelie die duidelikste. Die dissipels het tydens die naweek waarin Jesus alles volbring het, die Heilige Gees ontvang. Want die Here wat alles volbring het, het die Heilige Gees dieselfde naweek van sy kruisiging, sterwe en opstanding gegee. Die Here wie alles volbring gee in die tyd waarin Hy alles volbring aan die dissipels die Gees. Dit is die getuigenis van Matteus: "Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Mat. 28: 20); van Lukas: die Here wat gely en opgestaan het open hulle oë om in Hom te glo as die Here wat gesterf en opgestaan het (Luk. 24: 45) en van Johannes: die Here wie alles volbring is die Here wie die Gees gee.

Wat Lukas in Handeling 2 beskryf is hoe die Here die kerk toerus met die bedieningmiddele van die Woord, sakrament en tug om sy getuis te kan wees. Dit is nie hoe die dissipels die Heilige Gees ontvang nie.

Die sogenaamde gees van die volle Pinksterseën wat Jesus vir nie vir ons op Paasfees kan gee nie, is die gees van die antichris in die Christelike kerk vandag. Ons verwerp hierdie gees omdat ons die Heilige Gees wie ons insluit in Christus wie alles vir ons volbring het en in laat deel, ontvang het.